Die Hoër Tegnologiese Skool
# John Vorster

9 Oktober 2025

Geagte JV-Ouer/-Voog

‘n Nuwe kwartaal bring nuwe geleenthede én nuwe hoop. Mag hierdie kwartaal vir u en u gesin alles wat mooi is, inhou.

1. **SIKLUSROOSTER VIR KWARTAAL 4**

Die skool begin op 13 Oktober 2025 met **Dag 1.**

2. **SPORTAANGELEENTHEDE**

Verskeie sportsoorte, spanne, asook individuele leerders, het die vorige kwartaal baie goed presteer. Baie geluk aan hulle!

Die fokus in die vierde kwartaal is op krieket, atletiek, rugby en swem (met verskeie uitspeelwedstryde vir sagtebal), wanneer daar met kondisionering vir die 2026-seisoen besig gaan wees. Ons moedig leerders aan om deel te neem aan bogenoemde sportsoorte.

Krieketkoors loop hoog by JV's. Die Chris Steinmann Pro 20-Krieketreeks vind plaas op 20 tot 24 Oktober. Dit gaan ‘n feestelike geleentheid wees met vele kompetisies, lekker kosstallejies, braaivleisvure en vele meer. Kom ondersteun asseblief die toernooi gedurende die week en geniet krieket uit die boonste rakke.

3. **UITTEKEN VAN LEERDERS TYDENS SKOOLURE**

Onthou asseblief dat GEEN BESOEKERS SONDER ‘N AFSPRAAK OP DIE TERREIN TOEGELAAT WORD NIE. **Indien ‘n leerder uitgeteken moet word, MOET u vooraf die L6-vorm op die webwerf voltooi en aan me Luus by L6@htsjv.co.za e-pos - twee dae voor die uittekendatum. Leerders kan ook ’n paar dae voor die tyd persoonlik ’n L6-vorm by Me. Luus kom haal. Leerders kan die dag na die inhandiging by me. Luus gaan uitvind of die aansoek goedgekeur is, al dan nie. Slegs nadat ‘n leerder ‘n toestemmingsbrief by me Luus ontvang het, sal u toegelaat word om by die hekkie in Meyerstraat in te kom en u kind te kry. Probeer egter om die uitteken van leerders tydens skoolure te vermy.**

Indien u kind by die skool siek word, moet hulle asseblief by die algemene kantoor by me Luus aanmeld. Sy sal u skakel en dan nodige reëlings met u tref.

Verstaan asseblief dat hierdie sekuriteitsmaatrëels in plek gestel word omdat ons personeel en leerders se veiligheid ‘n groot prioriteit is

## 4. SKOOLDRAG IN DIE VIERDE KWARTAAL

Dankie aan al die ouers wat u kind ondersteun het, asook die leerders wat deur die loop van die derde kwartaal getrou by die voorkomsrëels gehou het. Ons waardeer dit opreg.

Vergewis u asseblief ook net weer mooi van die harereëls - veral vir die seuns - want daar word op 13 Oktober 2025 voorkomsinspeksie gedoen. Daar is baie keer ongelukkigheid wanneer ‘n leerder vir sy hare aangespreek word, want “die kind is netjies”. Dit mag so wees, maar ons moet ongelukkig almal oor dieselfde kam skeer wanneer dit by die toepassing van reëls kom. Die hare langs die kant van die kop mag nie meer as 2 cm van die hare bo-op die kop verskil nie. Die ander reëls in die Gedragskode word goed toegepas. Dankie daarvoor.

Herinner asseblief ook u seun wat reeds skeer, dat hy nie in die klasse toegelaat sal word totdat hy geskeer is nie.

Ons herinner u ook daaraan dat die leerders tydens die vierde kwartaal somersdrag moet dra (geen serpe, asb.). Dan wil ons ook net weer u aandag daarop vestig dat die volledige JV-drag net op Vrydae gedra mag word en indien u kind dit nie het nie, moet hy/sy skooldrag dra. Indien dit koud is, mag slegs die skoolsweetpak saam met JV-drag gedra word.

## 5. RAPPORTE

Rapporte met volledige kwartaal 3-punte, asook jaarpunte, word op **Maandag, 13 Oktober**, aan leerders uitgedeel. Rapporte kan ongelukkig nie individueel aan u ge-e-pos word nie.

## 6. ALGEMENE JAARVERGADERING

Soos reeds verlede kwartaal aan u gekommunikeer, vind die AJV (begrotingsvergadering) op **20 Oktober 2025 om 18:00** in die skoolsaal plaas.

Indien daar nie ‘n kworum van ouers teenwoordig is nie, word die opvolgvergadering op **3 November 2025 om 18:00** in die skoolsaal gehou. Tydens hierdie vergadering word daar nie ‘n kworum benodig nie.

Dit is regtig noodsaaklik dat alle ouers die vergadering sal bywoon.

## 7. EKSAMENS

Die **matriekeindeksamen** begin reeds op **20 Oktober**. Hierdie is die finale hekkie en alle matriekouers en gr.12-leerders bly tydens hierdie laaste wedloop in ons gebede. Ons dra julle op aan die Here en glo dat Hy julle moed, deursettingsvermoë en krag sal gee om julle allerbeste te lewer.

**Gr.8- tot 11-leerders** het ook 'n kort kwartaal waarin finale silabusse afgehandel moet word. Hulle eksamen begin op **3 November. Dit is van die uiterste belang dat u sal verseker dat u kind by die skool is om hierdie laaste 3 weke van die kwartaal sinvol af te handel.**

Alle Gr.8- tot 11-leerders skryf ook reeds op **14 en 15 Oktobe**r hulle **Creative Writing en Stelwerk-eindeksamen**, soos op die skoolkalender aangedui.

Ten slotte wil ek weer eens baie dankie sê aan elke JV-ouer wat die skool positief ondersteun. U kind bly steeds ons grootste bate en belangrikste fokus in die skool.

JV-groete.

A DOWD

HOOF